

SPRINKANE!!

Dr Gerhard H Verdoorn

Rentmeesterskap en Operasionele Bestuurder, CropLife Suid-Afrika

Die twee sprinkaansoorte wat Afrika, die Midde-Ooste en sentraal Asië soms bedreig, is die woestynsprinkaan of rooisprinkaan wat in die Sahelgebied van Afrika tot selfs in die Saharawoestyn sy kop uitsteek en die Midde-Ooste tot sover as Indië voorkom. Dan is daar ook die bruin sprinkaan of treksprinkaan wat in die suide van Afrika voorkom. Die woestynsprinkaan is waarskynlik die spesie wat in die tyd van Moses een van die tien plaes was wat die Egiptenare uiteindelik oortuig het om die Israeliete van slawerny te bevry.

Die afgelope dekade was redelik stil in suidelike Afrika met bitter min of geen jaarlikse sprinkaanuitbrake, maar soos alle entomoloë met smaak sal vertel, is daardie lang stiltes altyd onheilspellend want een of ander tyd gaan die treksprinkaan weer kop uitsteek. Dit was toe ook so in die begin van 2020 net voor die Covid-19 virus die menslike bevolking lamgelê het, dat daar vir die eerste keer in jare treksprinkane in die Karoo uitgebreek het. Dit was die nagevolg van 'n bitter swaar droogte wat die Karoo se lewe uitgewis het, en toe een seisoen van uitstekende reën wat oor 'n paar dele van die Karoo geval het. Daardie sprinkaaneiers wat



geduldig op reën gewag het, is toe beloon en hulle het uitgebroei en oor die oostelike dele van die Karoo versprei. Daar was selfs in die middel van Junie sprinkaanswerms in Graaff-Reinet. Dit het niks goeds voorspel vir die somer van 2020/2021 nie. Terselfdertyd was daar 'n massiewe uitbraak van sprinkane in die noorde van Namibië, en soos in Suid-Afrika was dit die eerste groot uitbraak in jare.

Die faktore wat sprinkaanuitbrake kataliseer

Sprinkane lê hul eiers in die grond waar die eierpakkies vir jare lewensvatbaar kan bly totdat die toestande gunstig vir uitbroei is. Gunstige toestande beteken die veld en grond moet vogtig wees en die grondtemperatuur moet oor 'n bepaalde drumpelwaarde wees. Dit is gewoonlik wanneer dagtemperatuur naby 30 grade Celsius kom, en die grond vogtig is, wat die eiers uitbroei. Die vier jaar droogte in die Karoo het die sprinkane dormant gelaat en daar was geen aanmeldings van uitbrekings nie. Dit was egter te wagte dat die reëns weer sou kom en dit het die Karoo se lewe laat ontplof, insluitend natuurlik die sprinkane.

Die treksprinkaan se rol in die Nama-Karoo

Die treksprinkaan is inheems aan die Nama-Karoo bioom en speel 'n balanserende rol in die Karoo se ekologie. Omdat die sprinkane net uitbreek in "goeie" jare gaan dit noodwendig gepaard met goeie aanwas van die Karoo se plantegroei. Indien die veld nie oorbeweï is nie, is daar 'n baie groot volume groen materiaal in die veld wat dan deur die sprinkane opgevrete word. Maar die goeie nuus is dat die vretery die tipiese Karoo bossieveld stimuleer en die plantegroei herstel weer vinnig, terwyl die duisende tonne sprinkaanmis, die Karooveld goed bemes. Wanneer veld egter oorbeweï is, kan sprinkaanswerms die veld so ernstig knou dat vee en wild sonder weiding gelaat word. Gelukkig is die oorgrote meerderheid Karoo-boere deesdae aan die kant van "minder vee op groter grond" en dit is gunstig vir die boer en die veld as sprinkane uitbreek omdat daar genoegsame voer in die veld sal oorbly.

Beheeraksies

Die Departement van Landbou is verplig in terme van die Wet op Landbouplae, 1983

(Wet No. 36 van 1983) om treksprinkane te beheer. Die wet maak ook voorsiening vir die verpligte aanmelding van enige sprinkaanuitbrake. Ongelukkig het die ou dae se sprinkaanbeheer met Lindaan so 'n slegte smaak in baie boere se monde gelaat dat hulle uiters skugter is om sprinkane aan te meld want hulle is bang dat die Departement hulle kosbare Karoo-ekologie met plaagdoders sal vernietig. Die teendeel is egter waar: die departement se sprinkaanbeheer word slegs met piretroïedplaagdoders teen baie lae konsentrasies gedoen wat min of geen skade aan die ekologie aanrig nie. Een van die hoofogmerke is om die sprinkane te beheer net nadat hulle uitgebroei het omdat die sogenaamde voetgangers nie vlieg nie, baie gekonsentreerd in nou bande beweeg en hoogs sensitief vir die plaagdoders is. Dit beteken dus as die voetgangers beheer word, word baie min insekdoder gebruik en dit is hoogs effektief. As die sprinkane egter begin vlieg raak die beheeraksies meer uitdagend, maar daar is ook planne daarvoor. Die sprinkaanbeamptes beheer die sprinkane wat vroegoggend nog in bosse sit met die piretroïede en dan is dit neusie verby vir die vlieërs. Verskeie veldproewe wat onlangs gedoen is, het bewys dat selfs die vlieërs baie effektief met die piretroïede beheer word.

Gebruik van insekdoders is nie die enigste oplossing vir sprinkane nie. Baie boere maak skape bymekaar en jaag die troppe oor die voetgangerssprinkane wat dan onder die skape se pote sneuwel. Dit skakel die noodsaaklikheid van plaagdoders uit veral as dit klein kolle is wat uitbroei. Die natuur se elemente speel ook saam: die Karoo het in 'n goeie somer maklik 200,000 klein rooivalkies en Oostelike rooipootvalkies, derduisende wit sprinkaanvoëls, klein swart sprinkaanvoëls, bloukraanvoëls, verskeie korhane, gompoue en veldpoue (ook bekend as geelnekpoue). Al die voëlspesies dra by tot die beheeraksies en hulle vreet letterlik miljarde sprinkane op. Dit is juis as gevolg van hierdie voëls dat die chemiese middels wat gebruik word, nie so giftig soos die ou dae se Lindaan, paration en diasinon is nie. Die ou plaagdoders is teen kilogramme per hektaar aangewend terwyl daar tans minder as 15 gram piretroïed per hektaar aangewend word.

Moet boere hulle eie planne maak?

Dit is totaal onnodig vir boere om self sprinkane te probeer spuit. Die staat doen dit teen geen onkoste vir die boere nie. Boere kan in elk geval nie die geregistreerde plaagdoders aankoop nie want dit mag slegs aan die staat verskaf word.

Aanmelding

Indien Karoo-boere of enige mense wat deur die Karoo op reis is, sprinkane waarneem, kan hulle dit by sprinkaankantoor op De Aar aanmeld of hulle kan per WhatsApp op die CropLife SA noodnommer 082 446 8946 laat weet waar die sprinkane waargeneem is. Karoo-boere behoort te weet wie hulle distriksprinkaanbeampies is en behoort die sprinkane ook by hulle aan te meld.

Sprinkane in die volgende paar jaar

Dit is waarskynlik dat die Karoo se treksprinkane redelik aktief die volgende paar jaar gaan wees. Hopelik kry die Karoo sy normale reën en dit sal noodwendig beteken

dat daar sprinkane gaan wees. Die groot probleem gaan ontstaan as die Vanwyksvlei-area wat uiters droog is, reën kry, want dit is waar die groot sprinkaanswerms uitbroei en dan ooswaarts die Karoo invaar. Alle Karoo-boere moet dus die volgende paar jaar wakker loop vanaf vroeg in September vir sprinkane wat uitbroei. Hou ook 'n oog op die veld en as daar steeds vlieërs laat in Mei rondbeweeg moet Karoo-boere weet daar gaan lente-uitbrekings oral wees. Ons het beslis nie 'n sprinkaanpandemie soos in Etiopië en Kenia nodig nie, maar dit kan slegs voorkom word as almal wakker loop en saam met die Departement Landbou werk.

Kontak Dr Verdoorn:
082-446-8946



they say

Make hay while the sun shines.

we say

Make hay, but insure it!

As a farmer, you need rock solid, tried-and-tested advice from a broker who truly understands the lay of the land, no matter what the weather! A Hollard Agri policy offers insurance for you, the farmer – after all, you're one of the most important assets of your business.

So, who cares what "they" say? **We say Long live the broker™.**

Hollard.

business • agriculture • accident & health • marine • construction & engineering • trucking

hollard.co.za

Underwritten by The Hollard Insurance Company Limited (Reg No. 1952/003004/06), a Licensed Non-Life Insurer and an authorised Financial Services Provider